## 2 Des



Bid asb vir Isa Cassimo (in die rooi hemp) Hy is een van die Moskee leiers. Hy woon op sy landery wat vêr uit die dorp woon, so hy woon nie gereeld die lesse by nie. Hy het egter 'n MP3 speler met die lesse en Bybel dele op gekry waarna hy baie gretig luister. Bid asb dat sy hart oop sal wees vir die Waarheid en dat hy die lesse sal kom bywoon!

## 3 Des



Bid vandag vir Cansonde, Justine, Che Chonde en ook die ander leiers van die Moskees – dat die Here sal deurbreek in hulle tradisionele godsdiens. Dat God se Woord hul sal raak en dat Jesus hul vry sal maak van al die binding van Islam.

## 4 Des



Bid asb vir al die jongmans wat gereeld die lesse bywoon. Bid asb dat hulle oop sal wees vir God se Woord en dat hulle bereid sal wees om hul lewens voluit aan God te gee!

## 5 Des



Bid asb vandag vir die ouer vroue in ons gemeenskap. Hulle woon gereeld die Bybellesse by maar is tog baie vas in hul ou maniere – bid dat die Here se liefde vir hulle die weg sal oopmaak dat hulle Hom sal volg en dien!

## 6 Des



Kennedy – hy is 'n skrynwerker wat elke tweede maand by ons werk. Hy en sy vrou woon die lesse gereeld by. Bid asb dat hy en sy gesin die Here sal volg en nie die weë van sy voorvaders nie. Bid asb vir beskerming vir hom en sy gesin wat die afgelope tyd nogal deur baie ongelukke en siektes geteister is.

## 8 Des



Bid asb vandag vir ons huwelik – vandag is ons 24 jaar getroud! Ons loof die Here vir Sy teenwoordigheid in ons lewens en dat Hy ons aan mekaar gegee het. ☐

## 9 Des



Bid asb vir die mense wat van ons buurdorpies - Matitima en Burundi - elke week kom. Die Chee familie ry sowat 20-25 mense aan om die lesse by te woon. Bid asb dat die Here ook in hul harte sal werk en dat hulle Sy Woord as die Waarheid sal aanvaar.

## 10 Des



Elke week is daar baie kinders wat na die les kom – bid asb dat hulle ook sal verstaan en hul vertroue in God sal stel! Dat hulle sal grootword in God se Woord! Hulle antwoord die vrae voor die les met oorgawe (dit kan dalk die lekkertjies wees wat as beloning gegee word vir die regte antwoord!) – ons bid dat hul met oorgawe sal aanhou kom!

## 11 Des



Bid asb vir die mense wat nou binnekort na hul landerye gaan trek. Bid dat hul steeds sal inkom vir die lesse – as dit begin reën in alle erns beplan ons om een maal per week bymekaar te kom vir die Bybelles. Die mense het 'n Vrydag gekies, aangesien dit die dag is wat meeste inkom dorp toe – ook om die Moskee by te woon. Dit mag dalk wees dat ons hier mense gaan verloor omdat hul eerder vroeër wil terug huis toe loop of omdat hul dalk voel hul het genoeg gedoen in terme van godsdiens. Kom ons bid dat hul so nuuskierig sal wees oor wat volgende gaan kom dat hul nie sal kan wegbly van die Bybellesse nie!!

## 12 Des



Bid vandag vir die ouer mans in ons dorp. Daar is heelwat wat die Bybellesse bywoon! Ons prys die Here vir dit! Bid dat as die tyd kom, hulle sal kies om Jesus as Verlosser te aanvaar!

## 13 Des



Bid asb vir my en die seuns se Kids Club op Vrydae middae! Ons speel speletjies, leer Bybelverse en doen kort Bybellesse (met my beperkte Yao!) – bid dat hulle nie net sal hoor nie maar ook sal GLO!! ☐ Die kinders is uitgehonger vir aandag en geniet die speletjies baie! (hier maak ons vlieërs!) Die top 2 speletjies is vrot eier en bok-in-die-hok!

## 14 Des



Bid asb vir die jongmeisies en jong vroue in die dorp. Hier is 15 gewoonlik die ouderdom wat meisies trou en baie gou kinders kry. Hulle werk baie hard van kleins af. Bid dat die Vader se liefde hulle sal aangryp en dat hulle sal kies om Hom te volg en te glo!

## 15 Des



Bid asb vir ons eie kinders hier in die "bos". Hulle mis maats van hul eie kultuur – bid asb dat hulle goeie tye saam met maats sal hê hier in die dorp en in Lichinga. Bid dat die Here hulle sal gebruik om Sy lig te laat skyn!

## 16 Des





Bid asb vandag vir Alfred en vir al sy werk! Hier is niemand wat jy kan bel om iets vir jou te kom doen nie – als moet self gedoen word! Tyd is beslis 'n probleem! Bid asb vir hom vir krag en energie! ☐ Bid dat sy Yao sal sterker en sterker word deur die Here se genade! Dat hy die Evangelie duidelik sal verkondig. Bid asb ok vir die verhoudings wat hy reeds het met die mense in die dorp, dat dit net sal versterk.

## 17 Des



Die vrou heel regs is die hoofman se vrou. Sy kom elke keer om te luister na die Bybelles! Bid asb vir haar en haar dogters en skoondogters – dat hulle sal aanhou kom en hul vertroue in God sal stel!

## 18 Des







Sê saam dankie vir die Davar spelers wat ons kon aankoop met skenkings!! Bid asb dat die mense sal aanhou luister na die lesse en Bybel gedeeltes en dat die Woord, wat lewe het, met elkeen wat hoor sal praat! Ons verwag binnekort nog 'n besending! Dit is 'n GROOT seën!

## 19 Des



Bid asb vir my wat steeds die siek mense in ons dorpie help. Bid dat ek 'n sagte hand en sagte gees sal hê en dat hul Jesus se liefde deur my sal sien.

## 20 Des



Hoofman Machadiji het besluit om nie die lesse by te woon nie – bid asb dat hy dalk na die Davar speler opnames sal luister en ook tot geloof in God sal kom!

## 21 Des



Die reëntyd is nou baie naby en met dit planttyd! Bid asb vir goeie oeste! Bid ook dat al werk hul hard op hul landerye, die mense steeds sal kom om na God se Woord te luister!

## 22 Des



Bid dat die ou tradisies en gelowe leeg sal wees en die mense ontevrede sal laat. Dat hulle honger sal wees vir die Waarheid! Dat God se Woord wat lewend en kragtig is, sal werk in hul lewens!

## 23 Des



Bid asb vir ons as gesin – ons beleef tye met eensaamheid en voel baie keer oorweldig oor die groot taak hier en vra dat jul sal bid dat die Here ons sal vul met Sy Heilige Gees! Dat God ons vreugde sal wees en dat ons sal vashou aan Hom in moeilike tye! Hy het ons tot hier gebring en sal ons nie alleen laat nie! Laat ons dit altyd onthou.

## 24 Des



Vandag is Bernard se verjaarsdag! 14 jaar oud! Bid asb vir hom – dat hy altyd God sal volg. Hy is waarlik ons beste Kerspresent ooit! Bid dat die vreugde van die Here sy hart altyd sal vul!

## 25 Des



Bid vir die Yao volk – so vêr van God! Bid dat as die tyd kom om 'n keuse te maak tussen die Waarheid en die tradisies dat hulle die Waarheid sal kies! Bid vir 'n sterk geloof wat nie sal huiwer as moeilike tye kom nie! Bid vir 'n vaste vertroue in die Enigste Lewende God! Mag Sy glorie hierdie plek vul!

---

Mag God elke gebed verhoor! Mag als wat ons hier doen net wees tot Sy eer!

Baie liefde
Alfred, Belinda en seuns.

